## ALGEMENE RIGLYNE BY DIE NASIEN VAN VRAESTEL 3

1. Bestudeer en bespreek die nasienskaal en die riglyne vir die gebruik daarvan en maak seker dat elke nasiener weet hoe om dit te gebruik.
2. Afdeling A word volgens die nasienskaal uit 40 nagesien..
3. Afdeling B word volgens die nasienskaal uit 20 nagesien.
4. Afdeling C word volgens die nasienskaal uit 15 of 20 en 'n memo nagesien.
5. As 'n skryfstuk in Afdeling A te kort is (leerder het minder as 2/3 van die verwagte aantal woorde – minder as 200 - geskryf), word die leerder met 'n 1/2 kerf of 2 punte gepenaliseer.
6. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te kort is (leerder het minder as 2/3 van die verwagte aantal woorde – minder as 100 - geskryf), word die leerder met 'n 1/2 kerf of 1 punt gepenaliseer.
7. As 'n skryfstuk in Afdeling A te lank is (leerder het meer as 1/3 van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (400 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 2 punte gepenaliseer.
8. As 'n skryfstuk in Afdeling B en C te lank is (leerder het meer as 1/3 van die verwagte aantal woorde te veel geskryf (200 woorde), word die hele skryfstuk gelees en nagesien, maar die leerder word met 'n ½ kerf of 1 punt gepenaliseer.
9. As skryfstukke uit die vraestel saamgeflans word, sal die skryfstuk nie logies opeenvolg nie en die leerder ontvang dan S-. Kommentaar sal wees:
   a. Geen eie werk nie.
   b. Geen kommunikasie nie.
   c. Saamgeflans.
10. As die leerder 'n gememoriseerde opstel onder 'n sekere onderwerp indwing, word die leerder ook gepenaliseer wat die inhoud betref. Die inhoud is dan verkeerd geïnterpreteer en hanteer en moet as gemiddeld beskou word. Kyk dan na die punt wat die leerder in die ander stukke ontvang het en ken dieselfde punt toe.
11. As 'n onderwerp misgetas word, word die leerder ook streng gepenaliseer as dit by inhoud en kommunikasie kom ('n baie lae punt). Taal kan normaal nagesien word.
12. Simbole en punt(e) word regs onderaan die laaste bladsy van die skryfstuk en die groottotaal links bo-aan die begin van elke afdeling neergeskryf.
13. Hierdie metode van nasien word by alle skryfstukke toegepas.
    Dit word voorgestel dat die volgende nasiensimbole gebruik word:

| | |
|---|---|
| ^ | woord(e) weggelaat |
| = | spelfout (dui asseblief direk onder spelfout aan.) |
| (    ) | verkeerde woordorde. Nie nodig om reg te maak nie. |
| ? of ξ | sinneloos; verstaan nie |
| // | nuwe paragraaf |
| **punktuasie** | dui hoofletters, kommas, punte en so meer aan. |

## AFDELING A: LANGER SKRYFSTUKKE

### VRAAG 1

**1.1 VERHALEND** - 'n Ongeluk wat met my gebeur het

**Taal:**

+ Pas die register?
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Is die taalgebruik/woordeskat goed en van pas?
+ Let Wel: In die verlede tyd word voegwoorde soos "toe" gebruik.
+ Is die tyd deurlopend dieselfde?

**Inhoud:**

+ Word daar gesê watter soort ongeluk dit was?
+ Word daar verwys na tyd en plek van die ongeluk?
+ Word daar verwys na die spesifieke gebeure?
+ Word gevoelens tydens die ongeluk gemeld?
+ Word daar vertel wat na die ongeluk gebeur het, bv. hospitalisasie?
+ Word die gevolge van die ongeluk genoem?

**Kommunikasie:**

+ Word oor die onderwerp gekommunikeer?
+ Wat is my reaksie: is die verhaal mooi, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig die verhaal nie regtig nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE GEGEWE NASIENSKAAL UIT 40)

**1.2 BESKRYWEND** - Net die plek vir my!

**Taal:**

+ Pas die register?
+ Is die woordeskat en taalgebruik goed- is dit wat beskryf word, so werklik vir die leser as wat dit vir die skrywer is sodat jy in jou verbeelding as't ware kan sien, hoor, ruik, proe en ervaar.?
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?
+ Let op na die verskil tussen vertel en beskryf.

**Inhoud:**

+ Is dit werklik 'n plek waar jy gelukkig kan voel?
+ Is daar 'n gedetaileerde en akkurate beskrywing van die plek?
+ Word gevoelens tydens besoek aan dié plek weergegee?
+ Word redes vir die spesifieke gevoelens gegee?
+ Word daar vertel wat by dié plek gedoen word?
+ Klink dit soos 'n persoonlike ervaring/belewenis?

**Kommunikasie:**
+ Wat is my, die leser, se reaksie op die skryfstuk?
+ Is die beskrywing goed, interessant, gewoon of alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

## 1.3 ARGUMENTEREND – Ons Suid-Afrikaners hou nie ons land skoon nie.

**Taal:**
+ Pas die register?
+ Is die woordeskat en taalgebruik goed?
+ Is daar 'n samehang in sinne en paragrawe?

**Inhoud:**
+ Word daar geargumenteer oor die feit dat ons 'n skoon land het of nie?
+ Word daar redes gegee waarom mense rommel strooi?
+ Word die gevolge van rommelstrooiery/besoedeling genoem?
+ Word daar enige strafmaatreëls voorgestel? Indien wel, watter straf?
+ Ontwikkel die redenasie logies en sistematies.
+ Word stellings deur middel van bewyse gestaaf.
+ Word daar standpunt ingeneem?
+ Word daar tot 'n gevolgtrekking gekom?

**Kommunikasie:**
+ Wat is my, die leser, se reaksie op die skryfstuk?
+ Is die argumente goed, interessant, gewoon of alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

## 1.4 BESPIEGELEND - Vriende

Oor 'n saak word gepeins, gedebatteer, selfs gefilosofeer. Die skrywer het persoonlike ondervinding of goeie kennis oor die onderwep.

**Taal:**
+ Pas die register?
+ Is die woordeskat en taalgebruik goed?
+ Is daar samehang tussen die sinne en tussen die paragrawe?

**Inhoud:**

- \+ Word daar gesê wat `n vriend is/hoe `n vriend moet wees?
- \+ Word die belangrikheid van vriendskap/pe bespreek?
- \+ Word daar nagedink oor hoe vriende jou kan seermaak?
- \+ Word daar nagedink oor hoe vriende jou gelukkig kan maak?
- \+ Word daar verwys na hoe vriende jou op `n positiewe manier kan lei/beïnvloed of hoe hulle jou kan mislei?
- \+ Word daar nagedink of en wanneer die ek `n goeie vriend/vriendin is?
- \+ Word daar verwys na die betekenis van vriendskap?
- \+ Word 'n eie mening logies en sistematies uiteengesit?

**Kommunikasie:**

- \+ Wat is my reaksie? Is dié skryfstuk interessant en mooi, gewoon en alledaags?
- \+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

**1.5 FEITELIKE SKRYFSTUK** – <u>Rolmodelle</u>

**Taal:**

- \+ Pas die register?
- \+ Is daar 'n samehang tussen sinne en paragrawe?
- \+ Is die woord-en taalgebruik goed?

**Inhoud:**

- \+ Word daar gesê wie die rolmodel is?
- \+ Word daar persoonlike gegewens (feite) oor die rolmodel, bv. geboorteplek gegee?
- \+ Word daar genoem en uitgebrei watter tipe persoonlikheid die rolmodel het?
- \+ Word daar redes gegee waarom die persoon die rolmodel is?
- \+ Word daar gesê wat die rolmodel vir die persoon beteken?
- \+ Word die feite logies en sistematies aangebied?
- \+ Word die leser gelei tot insig en kennis?
- \+ Bly die spreker neutraal?

**Kommunikasie:**

- \+ Wat is my reaksie, is dit `n interessante skryfstuk, gewoon en alledaags?
- \+ Of oortuig dit my nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 40)

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

## KORTER SKRYFSTUKKE

## AFDELING B - FUNKSIONELE SKRYFWERK

## VRAAG 2

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF** – Aan 'n vriend of vriendin oor jou toekomsplanne.

**Vormfoute:**

- 'n Leerder word toegelaat om 'n maksimum van 2 vormfoute in 'n brief te maak.
- As daar 3 of meer vormfoute is, word die leerder met 'n ½ kerf = 1punt gepenaliseer.

**Verdere moontlike voorbeelde van adresse:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Kerkstraat 1 | Posbus 88 | Huis 342 | Plot 588 | Debrahof |
| Uitbreiding | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam | Pleknaam |
| Pleknaam | Kode | Kode | Kode | Kode |
| Kode | | | | |

Geen Engels, behalwe amptelike Engelse name, bv. Ghandi Square, word aanvaar nie.

**Kyk na die volgende voorbeeld:**

Langstraat 301
Cradock
5880
21 November 2006

xxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Liewe/Beste Mpho
xxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Inleidende paragraaf....
xxxxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Tweede paragraaf...
xxxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Slotparagraaf...
xxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Groete.
xxxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).

Óf: Groete.
xxxxxxxxxxxx ('n reël moet oopgelaat word).
Jou vriend
Jabu

**Vorm:**

+ Is die vorm van die brief t.o.v. adres, aanhef en slot korrek, word reëls oopgelaat?
+ Word die aanspreekvorm "Liewe of Beste" in die aanhef gebruik?

Kopiereg voorbehou 

**Taal:**

+ Is die register goed en van pas?
+ Is die taal en woordeskat goed?
+ Is daar samehang tussen sinne en paragrawe?

**Inhoud:**

+ Is die trant vriendskaplik?
+ Word Jabu se keuse genoem?
+ Word daar verwys na enige onkostes of verdienste?
+ Word daar genoem waar hy/sy hulp kan kry?
+ Word daar na verblyfplek verwys?
+ Word daar raad gegee hoe die probleem met die ma gehanteer moet word?

**Kommunikasie:**

+ Is die kommunikasie spontaan?
+ Is die kommunikasie so geslaagd dat dit die gewenste reaksie by die leser uitlok?
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(GEBRUIK NASIENSKAAL UIT 20)

**2.2 DIALOOG** - `n Skinderstorie.

Gesprek tussen twee karakters. Verkieslik die soort gesprek wat leerders met mekaar sou aanknoop.

**Vorm van die dialoog**

- 'n Leerder mag net 2 vormfoute begaan.Daarna word 'n maksimum van 1 punt afgetrek.
- Die gebruik van aanhalingstekens regdeur die dialoog word as een fout hanteer.

- Na elke spreker se naam moet 'n dubbelpunt wees.
- Wat gesê word, moet in blokvorm wees.
- 'n Reël moet tussen elke spreekbeurt oopgelaat word.
- Die leerder moet die dialoog begin met die twee gegewe spreekbeurte op die vraestel.
- Die gegewe twee spreekbeurte op die vraestel word **nie as deel** van die leerder se totale aantal woorde getel **nie**.

**Begin so:**
Ek: Tsidi, het jy gehoor van …?
xxxxxxxxxxxx (laat 'n reël tussen elke spreekbeurt oop.)
Maat: Nee, Vertel my daarvan!
xxxxxxxxxxxx
Ek: ….

**Vorm:**

- Is die vorm van die dialoog korrek, i.e. spreekbeurte tussen vriende?
- Sluit die een spreekbeurt by die ander een aan?

**Taal**

+ Is die taalgebruik geskik en gepas?
+ Is die aanspreekvorm informeel?

**Inhoud:**

+ Word daar regtig `n skinderstorie vertel?
+ Is daar verbasing/geskoktheid oor die nuu ?
+ Is die dialoog karakteropenbarend of nie?
- is die gesprek natuurlik en spontaan?
- is die trant duidelik ten opsigte van verbasing/skok ens.

**Kommunikasie:**

+ Is die gesprek natuurlik en spontaan?
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie?

(SIEN NA VOLGENS DIE NASIENSKAAL UIT 20)

**2.3 KOERANTARTIKEL** - Hierdie kind is weer gevind!

**Taal:**

+ Is die register goed en van pas?
+ Is die taal en woordeskat goed?
+ Is daar samehang tussen sinne en paragrawe?
+ Pas die styl by die onderwerp en die leser aan?

**Inhoud:**

Word daar ...

+ gesê wie die kind is?
+ gesê waar die kind gewoon het?
+ gesê waar die kind laaste gesien is?
+ genoem wat die polisie al oor die saak uitgevind het?
+ gesê waar die kind gevind is?
+ gesê wat met die kind gebeur het?

+ `n boodskap van hoop aan die ouers van verlore kinders gegee?
+ is die inligting akkuraat en volledig ?
+ is die skrywer objektief?

**Kommunikasie:**

+ Is die kommunikasie spontaan?
+ Wat is my reaksie: is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

(SIEN NA VOLGENS NASIENSKAAL UIT 20)

**TOTAAL AFDELING B = 20 PUNTE**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C

## TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 3

3.1 FAKS - Aanvraag om getuigskrif.

| | |
|---|---|
| **Faksvorm:** | |
| **Naam van ontvanger:** | Mnr./Mev. P.D. Kallis (die vorige skoolhoof) |
| **Faksnommer:** | Kode gevolg deur nommer. |
| **Naam van sender:** | Naam en van van `n leerder. |
| **Datum:** | Woorde of syfers. Indien woorde, moet die spelling korrek wees. |
| **Onderwerp:** | Aanvraag om getuigskrif./Getuigskrif./Getuigskrif benodig. |

Indien een van bg. foutief is, verbeur die kandidaat een punt per item.

**Taal:**

+ Is die register geskik en gepas? (Onthou: die skoolhoof word aangespreek.)
+ Is daar 'n samehang tussen sinne en paragrawe?

**Inhoud:**

+ Word die relevante persoonlike inligting verskaf?
+ Word hoogste graad en vakke geslaag genoem?
+ Word rede vir die aanvraag van getuigskrif gegee?
+ Word buitemuurse betrokkenheid in detail genoem?
+ Word daar `n adres verskaf waarheen die getuigskrif gepos moet word?

**Kommunikasie:**

+ Wat is my reaksie? Is die inhoud goed, interessant, gewoon, alledaags?
+ Of oortuig dit nie werklik nie?

**Let Wel:**

- Die dekbladgegewens word volgens die memo nagesien; een punt per feit =5punte
- Die boodskap word op die 15-punt nasienskaal nagesien.
- Dié twee punte word dan bymekaar getel as `n punt uit 20.

3.2 UITNODIGING - `n Familiefees

| | |
|---|---|
| **Vorm van uitnodiging:** | |
| **Wie is almal welkom:** | Die Boyana-gesin/Die Boyana-familie/Oom Bongani,Tant Sebsie en kinders ens. |
| **Wanneer:** | Datum bv. 20 Desember 2006 óf 20/12/2006 óf 2006/12/20 |
| **Waar:** | Enige oord/vakansieplek/familieplaas/park ens. |
| **Hoe laat:** | 4nm. óf 16:00 óf vieruur. (Geen Engelse afkorting nie.) |
| **R.S.V.P.:** | Volledige datum. |